Die Afrikaanse Klub van Nieu-Seeland
PO Box 300 674
Albany
Auckland
Klub tel. (09) 478 2291
E-pos: Die.Afrikaanse.Klub@clear.net.nz
Webblad: www.afrikaans.org.nz

28 Maart 2007

Voorsitter se Jaarverslag – 2006-2007

1. Inleiding

Op 29 Maart 2006 is 'n nuwe Bestuurskomitee (BK) tydens Die Afrikaanse Klub se Algemene Jaarvergadering vir die kalenderjaar 1 April 2006 tot 31 Maart 2007 verkies. Die lede was:-

Waarnemende Voorsitter – Philip Langenhoven
Bestuurskomiteelid – Fritz Swart
Bestuurskomiteelid – Andries van den Berg
Bemarkingskoördineerder (& Skakelwerk) – Philip Langenhoven

Administrateur – Thys Oosthuizen (Betaalde amptenaar)

Ons was vanjaar 'n klein bestuurskern en dit het ons toegelaat om sake per e-pos, telefoon en enkele vergaderings vinnig, dog weldeurdag te oorweeg en besluite te neem. Die kleiner kern het ons genoop om minder projekte aan te pak, maar dit was ook goed om ons benadering te konsolideer en te herfokus, soos die vorige voorsitter, Martin Hefer, verlede jaar in sy jaarverslag voorgestel het.

Die BK het onverpoos bly werk om die Afrikaanssprekende se beeld en profiel in Nieu-Seeland te verbeter en hoog te hou. Ons is ook dankbaar dat die Klub se finansies steeds gesond bly, soos die finansiële verslag aandui.

Dit BK het weer probeer om aan ons lede verskeidenheid (binne perke van ons kapasiteit) en kwaliteit te bied, deur lede se basiese kultuur- en sosiale behoeftes te bevredig. Die Klub gee steeds aan die volgende drie fokusareas van die Klub aandag: Die (Suider)-Afrikaanse gesin, die kunste en uitreiking na die groter gemeenskap.

2. Administrasie

Die BK is oortuig dat die Klub se besluit van 'n paar jaar gelede om 'n betaalde pos van Administrateur te skep, een van die beste besluite was wat die Klub nog geneem het en Thys Oosthuizen is steeds in die pos.

Thys was vanjaar vir die volgende aspekte van die Klub se werk verantwoordelik:-

- Lede-administrasie
- E-kommunikasie (korrespondensie met en raadgewing aan navraers na die Klub)
- Samestelling van die Klub se weeklikse e-nuusbrief "Brokkies" se advertensies met gepaardgaande korrespondensie met adverteerders
- Finansiële administrasie
- Sekretariële dienste

Thys doen steeds puik werk vir die Klub en hy word tans vir 15 ure per week betaal. Hy het egter so 'n onskatbare bydrae gelewer, dat hy in 2006 ook 'n addisionele korttermyn-kontrak aangebied is om as KiwiKasie se koördineerder te funksioneer (vir die Lucas Maree-toer),

omdat die tyd wat deesdae vereis word om die projek te reël, lank nie meer deur vrywilligers aangebied kan word nie en die BK graag wou verseker dat daardie projek voortgaan.

Die Administrateur se werk as kontrakteur behels onder meer die volgende: Alle finansiële administrasie van Die Afrikaanse Klub asook Brokkies se samestelling. (Samestelling van Brokkies behels bv. korrespondensie met adverteerders, beheer oor krediteure, samestelling van elke week se "Brokkies"-raamwerk, uitstuur van finale Brokkies nadat die voltooide produk van die Redakteur ontvang is, ens.) Verder behels die pos finansiële aspekte soos die oopmaak van pos, betaal van rekeninge, administrasie van Klublede se lidmaatskapfooie, opstel van finansiële state vir Bestuurskomitee-vergaderings, notulehouding vir BK-vergaderings, ens. Sy pligte is sedert die vorige jaar uitgebrei om lede-administrasie (bv. aansluitings, hernuwings, skakeling met lede, ens) in te sluit.

Die Redakteur van Brokkies bly egter verantwoordelik om Brokkies se Nuus en Klubnuus te skryf, nadat die Administrateur elke week se finale raamwerk van advertensies vir die week aan hom deurgestuur het.

Die Administrateur het tans nie stemreg tydens BK-vergaderings nie, maar wel sittingsreg, aangesien hy die finansies aan die BK moet voorhou vir bespreking en goedkeuring. Buitendien is sy algemene bydrae tot gesprekvoering van groot waarde. Die geleidelike uitbreiding van die Administrateur se pos was veral genoodsaak omdat die Klub nie meer maklik vrywilligers vind om vir lang tydperke deurlopende aandag aan hierdie werk te bestee nie. Vrywilligers wil gewoonlik bietjie uithelp, maar in hierdie geval het die werk net te omvattend, langdurend en veeleisend geword.

3. Klubprojekte

Sekere Klubprojekte is aangepak, met inbegrip van die Klub se gesinsfokus, kultuurtaak en die behoefte dat projekte bydra tot die voortdurende verbetering van die Afrikaanssprekende spesifiek en Suid-Afrikaners in die algemeen se beeld:-

3.1 Winterdans

Meer as 300 mense het gedurende Junie 2006 die Winterdans op die North Shore van Auckland bygewoon. Ons gereelde musiekmakers, Jerry en Benita Loretz is sterk gemis, omdat hulle toe reeds na Christchurch verhuis het.

3.2 KiwiKasie met Lucas & Monica Maree

Van 29 September tot 7 Oktober 2006 het Die Afrikaanse Klub sy sesde KiwiKasie aangebied. Die hoofkonsert met sowat 700 mense het op 30 September op die perseel van die City Impact Church in Browns Bay, Auckland plaasgevind. **Lucas Maree en sy dogter Monica** was die hoofsangers vanuit Suid-Afrika. Dit was Lucas se tweede optrede by KiwiKasie, want die Klub het hom die eerste keer in 2001 na NS gebring.

As deel van die voorprogram het die Klub weer sy gewilde "Vaaljapies"-sanggroep bymekaargemaak en spesiaal 'n komiese, aksiebelaaide aanbieding van "Afrikaners is plesierig" op die planke gebring. Dewald Kritzinger en Frikkie Senekal (met Andre de Wet) het die hoof-voorprogram aangebied en was soos gewoonlik baie goed ontvang.

Die Klub het soos gebruiklik 'n nasionale toer gereël en Maree het dus ook in Hamilton, Tauranga, Napier, New Plymouth, Wellington en Christchurch opgetree. Die Klub het jare gelede werkverhoudinge met organiseerders in hierdie sentra opgebou en dit gaan steeds goed op hierdie front.

3.3 Lentedans

Meer as 300 mense het in November 2006 die Lentedans op die North Shore van Auckland bygewoon. Dit was bemoedigend om meer tieners daar te sien.

3.4 Afrikaanse boeke vir Auckland-biblioteek

Die BK het gedurende September 2004 ‘n bedrag van $4,000 uit Klubfondse bewillig om fase twee van ons Afrikaanse Boekeprojek uit te voer. So is dan ‘n tweede, groter stel nuwe Afrikaanse boeke vanuit Suid-Afrika aangekoop.

Gedurende 2006 het die BK vir Johan en Yvonne van Zyl as kontrakteurs aangestel om al die boeke opsommend (in Afrikaans) te beskryf en die East Coast Bays Library se biblioteekpersoneel te help met klassifisering daarvan. Die Browns Bayse biblioteek het intussen al die boeke op die rakke geplaas en in hul rekenaarstelsel opgeneem. Die versameling het al positiewe terugvoering van Klublede ontlok.

3.5 Oujaarsdans 2006

Die Klub se tradisionele Oujaarsdans is op 30 Desember (die dag voor Oujaarsdag, omdat Oujaar op ‘n Sondag geval het) vir die eerste keer in die duurder, maar ruim East Coast Bays Leisure Centre in Browns Bay aangebied. Dit was baie suksesvol, met tussen 400 en 500 mense wat dit bygewoon het. Dit was goed om so baie nuwe gesigte daar te sien. Deel van die sukses was toe te skryf aan die feit dat ons gebruiklike musiekmakers, Jerry en Benita Loretz van Christchurch teruggekeer het.

4. Ander werk

4.1 Deelname aan die TV-program “Try Revolution”

Die Klub het gedurende Mei en Junie 2006 aan die voorbereiding vir en opname van ‘n TV-onderhoud oor die Springboktoer van 1981 deelgeneem. Ons het vir die programvervaardigers 15 moontlike persone gevind en aan hulle voorgestel vir finale keuring. Die program het wel oor ‘n sensitiewe deel van ons geskiedenis gehandel, maar is redelik gebalanseerd aangebied. Die program, “Try Revolution”, is op TV 3 gebeeldsend en later ook in Suid-Afrika vertoon.

4.2 Borgskap: “Olie daai litte”-konsert (Dewald en Frikkie)

Die Klub het Dewald Kritzinger en Frikkie Senekal se eerste eie Afrikaanse musiekkonsert, “Olie daai litte” op 1 Julie 2006 geborg en gepromoveer. Hulle het ook hul eerste Afrikaanse CD (in NS gemaak) by die geleentheid geloods.

4.3 Anita Lategan-fonds

Die Klub het van ongeveer Junie tot September 2006 ten nouste betrokke geraak by die kankerstryd van Anita Lategan, ‘n moeder van Auckland wat met ‘n aggressiewe, terminale kanker gediagnoseer is en enkele maande gegee is om te lewe. Deur ‘n sameloop van omstandighede en realiteite was dit vir haar onmoontlik om gratis staatshulp vir haar dringende mediese behandeling te bekom. Daar is gesê dat chemoterapie haar lewe slegs kon verleng.

Die Klub het dadelik gevoel dit is ‘n baie verdienstelike geval en weens die uniekheid van haar situasie, is besluit om ‘n amptelike fonds vir Anita te stig. SANZ het dieselfde sentiment gehad en het ook ‘n insamelingspoging geloods. Ons onderskeie organisasies het ons eie bankrekenings geopen, maar besluit om die mediese rekenings om die beurt te betaal. SANZ het hoofsaaklik op die eksterne publiek gefokus terwyl Die Afrikaanse Klub op ons Brokkies-lesers alleen gefokus het.

Die gesamentlike teikentotaal was $45,000.00. Die Klub is dankbaar dat ons die mooi bedrag van ongeveer $15,000.00 uit eie geledere kon insamel. Op $1,000 na is ons deel reeds aan mediese kostes uitbetaal. Die Klub se eksterne boekhouer moniteer hierdie fonds. Sover ons kon vasstel, gaan dit tans – bykans ‘n jaar later, heel goed met Anita. Ons glo dat wonderwerke by die Here moontlik is en is dankbaar vir elke gebed deur ons lesers.

4.4 Gesprek met NS-immigrasie-owerhede

Die Afrikaanse Klub het korrespondensie ontvang van mnr. Gregory Fortuin, Suid-Afrika se Ere-Konsul in Nieu-Seeland, wat saam met die nuwe Ere-Konsul in Auckland, Jock Irvine ondersoek ingestel het na ‘n probleem wat glo al meer deur korttermynbesoekers by Auckland se lughawe met doeanebeamptes ervaar word. Volgens die inligting gebeur dit al meer dat besoekers vanuit Suid-Afrika – wat as korttermynbesoekers of toeriste die land binnekom – deur doeane oornag aangehou en dan summier na Suid-Afrika gedeporteer word. Die redes is glo menigvuldig en kompleks. Hierdie aangeleentheid is deur die Ere-Konsuls met die Nieu-Seelandse Minister van Buitelandse Sake opgeneem.

Die gevolg is dat ‘n vergadering vir 25 Augustus 2006 belê is, waartydens alle partye oor die moontlike probleem besin het. Fritz Swart het Die Afrikaanse Klub by hierdie vergadering verteenwoordig, saam met verteenwoordigers van die SA Hoë Kommissariaat in Australië, SANZ, die Rainbow Nation Supporters Club en die betrokke NS-staatsdepartemente. Ons het na die vergadering van die organiseerders die versekering ontvang dat ons amptelike riglyne vir besoekers sal ontvang, sodat ons dit aan ons lesers kan kommunikeer, maar het sedertdien nog niks ontvang nie.

4.5 Borgskap: “Whakakotahi / One People Trust”

Die Klub het nogmaals die “Whakakotahi / One People Trust” ondersteun deur kaartjies vir hul “Multi-Cultural Expose” op 16 September 2006 te koop en die multi-kulturele geleentheid by te woon. Dit was deel van Riedewaan Waggie – ‘n ou vriend van die Klub en stigter van die ‘Klopse’ in Auckland – se fondsinsameling vir hul droom om “Racoon – The Musical” in Nieu-Seeland op die planke te bring. Die musiekblyspel sal die geskiedenis van al die mense aan die Kaap aan Kiwi’s uitbeeld.

4.6 Ondersteuning van die “With a View to the Future”-projek

Verteenwoordigers van Die Afrikaanse Klub van NS het op 17 Oktober 2006 ‘n spogdinee by die Auckland Museum bygewoon waartydens donateurs tot die “With a View to the Future”-fondsinsamelingsprojek bedank is. Sowat 50 gemeenskapsgroepe is uitgenooi om betrokke te raak, waarvan die Suid-Afrikaanse immigrantegroep een is.

Die projek behels dat $1,5 miljoen deur die 50 groepe oor ‘n periode van 5 jaar ingesamel word om die bou van ‘n koperkoepel op die Auckland Museum moontlik te maak. Elke groep se doelwit was dus $25,000 wat oor ‘n periode van 5 jaar ingesamel moes word. Die insameling duur steeds vir die meeste groepe voort.

Een van Die Afrikaanse Klub se mede-steungroepe, die South Africa New Zealand Charitable Trust (SANZ) het hulle aanvanklik verbind om $25,000 (oor ‘n tydperk van 5 jaar) tot die projek by te dra. SANZ het gevolglik twee jaar gelede Die Afrikaanse Klub asook die Rainbow Nation Supporters Club uitgenooi om saam met hulle hierdie projek namens alle Suid-Afrikaners in Auckland aan te pak. Ons het ‘n gesamentlike werkgroep gestig wat ‘n verskeidenheid insamelingspogings beplan het en wat individueel deur die organsiasies en gesamentlik van stapel gestuur is.

Die Afrikaanse Klub het gedurende 2006 van sy winste van KiwiKasie en ander sosiale projekte, soos ons Klubdanse, vir hierdie doel ge-oormerk. Die Klub se Bestuurskomitee het gevolglik ons derde ($8,334) van die Suid-Afrikaanse teiken van $25,000 ingesamel en is tans gereed vir oorhandiging van die bedrag – via SANZ - aan die ”With a View to the Future”-projek. Die uitgawe sal egter eers in die volgende boekjaar geboekstaaf word.

Elke bydraende organisasie (of groep organisasies soos in ons geval) se naam is op een van die 3 meter-hoë vensters om die nuwe koepel gegraveer. In ons groep se geval is die woorde ”South Africans in New Zealand” aangebring. Die projek is aanvaar

omdat dit aan SA-immigrante 'n geleentheid bied om hul ontluikende geskiedenis in ons aangenome Kiwiland op simboliese, maar tog ook tasbare wyse te dokumenteer.

4.7 Besoek van SA se Adjunk-President

Op 20 Oktober 2006 het die Klub 'n funksie saam met die Vise-President van Suid-Afrika, me. Phumzile Mlambo-Ngcuka by die North Shore City Council bygewoon. Die Klub het die Umoya vrouesanggroep gereël en geborg om op te tree. Hulle het in Afrikaans, Engels, Xhosa en Maori gesing, wat baie goed ontvang is. Die Klub het ons lede uitgenooi om die funksie saam met die BK by te woon en sowat 15 persone is in die beperkte gastelys ingesluit. SANZ en die Rainbow Nation Supporters Club het ook verteenwoordiging gehad.

Die Klub se voorsitter het ook voor die tyd saam met die ander organisasies 'n ontmoetingsessie met me. Mlambo-Ngcuka bygewoon en aan die bespreking deelgeneem. Die burgemeester van North Shore City, die Hoë Kommissaris van Suid-Afrika in Australië asook Suid-Afrika se Ere-Konsul in Nieu-Seeland, mnr Gregory Fortuin en verskeie lede van die Presidensiële groep, het die sessie ook bygewoon.

4.8 Bemarking

4.8.1 Die Klub se promosiepamflet is by funksies versprei. Hiermee 'n woord van groot dank aan besighede soos Fred's Fine Foods en die SA Kaffees, wat toelaat dat die pamflette op hul toonbanke geplaas kan word en vir die verwysings wat hul werknemers in belang van die Klub doen wanneer nuwelinge in die land daar aankom.

4.8.2 Korrespondensie word van tyd tot tyd gevoer met internasionale epos-kommunikasiemediums. Webbladbesonderhede word uitgeruil.

4.8.3 Die Klub se Skakelbeampte skryf 'n maandelikse Afrikaanse rubriek vir "Connections" (SANZ se lyfblad). Hy skryf soms oor temas wat Die Afrikaanse Klub betrek.

5. Klubdienste

5.1 E-nuusbrief: "Brokkies"

5.1.1 Brokkies se adreslys het vanjaar stadiger gegroei as vorige jare, maar ruik nogtans aan 1,900 gesinne wie se e-posadresse weekliks bereik word. Ons ervaar steeds 'n groei in betalende adverteerders. Dit is goeie nuus vir die Klub se geldkas, aangesien die Klub dikwels duur projekte aanbied en sekere oorhoofse uitgawes het om die kultuurwiel aan die rol te hou.

5.1.2 Brokkies dra baie daartoe by dat die Klub 'n positiewe beeld het en as waardevolle kontakmedium verhoog dit begrip vir ons doelwitte en werk. Brokkies word geleidelik al meer van 'n nasionale bate want al meer mense buite Auckland teken daarop in. Dit het selfs internasionale waarde vir mense wat navorsing oor emigrasie doen, of net in kontak wil bly met wat hul geliefdes in Nieu-Seeland doen.

5.2 Webblad

5.2.1 Die afgelope jaar se webblad-statistiek is nagevors danksy 'n gratis moniteringsdiens wat die Webmeester, Mara-Marie Joubert, op die webblad ingestel het. Hierdie is enkele hoogtepunte:-

- Totale webbladbesoeke was 14,141 (2006), 12,330 (2005) en 11,074 (2004)
- Totale aantal bladsye besoek: 46,940 (2006), 40,783 (2005) en 33,921 (2004)

5.2.2 Pogings word gereeld aangewend om ons webblad van vars inligting te voorsien. Die Klub het 'n taak om ook voornemende immigrante in Suider-Afrika d.m.v. ons webblad in te lig oor omstandighede in Nieu-Seeland, asook om te wys dat daar wel op positiewe wyse met Suid-Afrikaanse aktiwiteite gewerskaf word.

5.3 Inligting aan voornemende immigrante

Baie voornemende immigrante word gehelp met inligting deur goedgekose skakels op die Klub se webblad, asook deur skakeling met navraers aan die Klub per e-pos. Baie dankie aan Thys Oosthuizen, die Klub se "Administrateur", vir laasgenoemde werk.

5.4 Ander dienste

5.4.1 Die Skakelbeampte skryf gereeld briewe van ondersteuning aan individuele lede wat sekere aansoeke aan die owerhede rig, asook aan organisasies soos die Nieu-Seelandse "Klopse" (oorspronklik vanuit Kaapstad), om hul aansoeke om staatsfondse te ondersteun.

6. Lidmaatskap

Hierdie aspek is nie bevredigend nie omdat mense soms vergeet of om ander redes nie hul Klublidmaatskap fisies jaarliks hernu nie. Behalwe dat die Klub se grondwet jaarlikse lidmaatskaphernuwings voorskryf, bly dit egter vir die BK baie belangrik dat mense hulself daadwerklik en bewustelik aan hul lidmaatskap verbind en jaarliks hernu. Formele lidmaatskap definieer die Klub se bona fide werkterrein en teikengroep duidelik en dit verteenwoordig die primêre regverdiging van waarom so 'n klub bestaan.

7. Strategiese Verhoudinge

7.1. Multi-Cultural Society

Die Afrikaanse Klub is na jare steeds by hierdie multi-kulturele liggaam van Auckland geaffilieer. Die Bestuurskomitee en hul gades het die Society se jaarlikse Mid-Winter Dinner gedurende Julie 2006 bygewoon en baie mense van ander kulture ontmoet.

7.2 SANZ

Die Bestuurskomitee reik vvortdurend uit na **South Africans in New Zealand Charitable Trust (SANZ).** Ons gee aan mekaar heelwat blootstelling in ons onderskeie nuusblaaie. Hoewel ons elkeen ons unieke fokusareas en doelstellings het en mekaar sy bestaansreg gun, ondersteun ons graag mekaar se pogings en reik ons na mekaar uit.

7.3 SA Supporters Club

Deurlopende kontak en skakeling is met die derde Suid-Afrikaanse klub in Auckland – die South African Supporters Club - gedoen. Die verhouding met hul Bestuur is baie gesond.

7.4 Suid-Afrikaanse Ere-Konsul

Verhoudinge met die Suid-Afrikaanse Ere-Konsul in Nieu-Seeland, mnr Gregory Fortuin is positief voortgesit.

7.5 Suid-Afrikaanse Hoë-Kommissariaat (Canberra, Australië)

Verhoudinge met mnr. Anthony Mongalo, Suid-Afrika se Hoë-Kommissaris in Canberra, is voortgesit. Die BK is weer uitgenooi om by geleentheid met mnr Mongalo in die Hyatt Regent-hotel, Auckland te kuier en te gesels.

8. ***Borgskappe***

8.1 Vanjaar het verskeie borge saamgespan om die Klub se KiwiKasie moontlik te maak. Die Bestuurskomitee se beleid is om baie goed na ons borge om te sien en die nodige blootstelling te gee in ruil vir hul onbaatsugtige ondersteuning. Hulle is:

Hoofborge
South African Shop, van Jaco Bosman en Marlize Ligget.
Fritz Swart Versekeringsdienste
AI Financial Services, van Richard Piechazek

Ondersteunende borge:
Charis Recruitment, van Pieter Erasmus
Stationery World Direct, van Marietjie en David Vorster

8.3 Ons webmeester, Mara-Marie Joubert word met ‘n klein honorarium per maand vergoed vir haar deurlopende aandag wat sy die afgelope ses jaar aan die Klub se webblad gee. Die besluit om aan haar ‘n honorarium te betaal, is al drie jaar gelede geneem, aangesien sy vir die drie voorafgaande jare al die webwerk gratis gedoen het. Ons dank gaan hiermee aan Mara-Marie, wat al soveel vir die Klub gedoen het. Die webblad lyk altyd pragtig.

9. **Slot**

Ek bedank 2006-2007 se Bestuurskomiteelede en ons Administrateur vir ‘n heerlike jaar van goeie samewerking en positiewe geesdrif. Ek bedank egter ook al ons medewerkers, adverteerders, borge, lede en ander ondersteuners van die Klub hartlik vir ‘n goeie jaar van samewerking. Die Afrikaanse Klub se BK is vanjaar afgeskaal en die werksaamhede meer ingekort, om beter te kan fokus, maar steeds was ons baie aktief en besig! Ons het bly voortbou aan die proses om immigrante te help om hul sin vir eiewaarde en kulturele bewustheid te vind en/of in hul nuwe land te herdefinieer.

Ek wil graag ook hiermee erkenning gee aan en dank betuig teenoor ons Almagtige en Drie-enige Skepper-God, by wie ons ons talente en energie ontvang het om dinge te doen. Hoewel ons bewus is dat ons aardse kulturele behoeftes en belang nooit bo die saak van die Here gestel kan word nie, weet ons ook dat Hy ons as multi-dimensionele, talentvolle sielsmense geskape het wat ook bykomende emosionele behoeftes het, wat onder andere deur kultuur en sosiale netwerke vervul kan word.

Ek wens elke lid van Klub en elke ander persoon wat met ons ‘n belang deel, ‘n baie vreugedevolle jaar toe. Ek hoop ons sien mekaar by Klubprojekte!

Philip Langenhoven
Waarnemende Voorsitter
28 Maart 2007